

Dinsdag 18 Julie

Skrifgedeelte: Lukas 17:1-6

Fokusgedeelte: Lukas 17:5, 6; HK Sondag 25, Antwoord 65

“Gee ons meer geloof”

Christus stel twee ingrypende eise aan sy dissipels: *eerstens* dat hulle nie-mand deur woord, daad of voorbeeld moet laat struikel nie; *tweedens* dat hulle grensloos moet vergewe. Daarom sê hulle toe vir Hom: “Gee ons meer geloof.”

Dit lyk nogal paslik dat die dissipels onder hierdie omstandighede meer geloof vra. Tog is Christus se reaksie daarop eintlik ’n vermaning dat hulle vra wat hulle nie behoort te vra nie. Deur meer geloof te vra, gee hulle te kenne dat as hulle nie kan voldoen aan die eise wat Christus stel nie, dit eintlik Christus se skuld is, omdat Hy nie aan hulle genoeg geloof gegee het nie.

Christus praat wel soms van ’n klein of ’n groot geloof (Matt. 8:26; 15:28). Hier wil Hy hulle egter leer dat dit by geloof nie primêr om hoeveelhede gaan nie, maar om een van twee: *jy het dit of jy het dit nie*. As jy dit het, is jy tot geweldige dinge in staat, mits jy jou geloof en die krag wat daarin opgesluit is, daadwerklik gebruik.

Christus gebruik die beeld van die mosterdsaadjie om te illustreer wat Hy bedoel. Dit is ’n besonder klein saadjie, maar in daardie saadjie is daar ’n geweldige krag – ’n krag wat hom daarin openbaar dat dit ’n struik kan voortbring wat meer as twee meter hoog kan groei. Daar hoef geen ekstra krag by die krag van die saadjie gevoeg te word nie. Daar moet slegs aan die saadjie die geleentheid gegee word om die krag wat dit reeds het, te ontplooi. Dit word gedoen as die saadjie geplant en natgemaak word.

So, sê Christus, is dit ook met die geloof gesteld. In die geloof is daar ’n geweldige krag, want geloof beteken om aan die almagtige God gebind te wees. Dan moet ons die geloof egter die geleentheid gee om sy krag te ontplooi: Ons moet sake in geloofsvertroue op God aanpak; ons moet waag in die geloof en stry in die geloof.

Ons moet in die geloof *nee* sê vir alles wat nie reg is in die oë van die Here nie, maar van harte *ja* sê vir alles wat Hy van ons verwag en dit ook gede-termineerd doen.

As ek my geloof nie so gebruik nie, is ek soos die dienskneg wat die een talent of muntstuk ontvang het en toe nie die beste gebruik daarvan gemaak het nie, maar dit gaan begrawe het (Matt. 5:18, 24-27). Uiteindelik het dit ook niks opgelewer nie. Om te groei in die geloof, moet ek die geloof wat God my gegee het, daadwerklik gebruik.

Dit is ook die pad wat Christus aan ons voorhou – daarom word Hy die Voleinder van die geloof genoem (Heb. 12:2).